**Vrydag 29 April**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-14**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 1:3**

## God voorsien Iemand soos Hy

Wonder u ook soms wie en wat God is – hoe Hy moontlik lyk? Vra dan liewer: Watter prentjie het ek van sy Seun Jesus. Is dit ’n verskraling tot ’n aardse figuur, soos die wêreld Hom sien? Of ken u ook, soos die skrywers van die Nuwe-Testamentiese briewe, Hom in al sy heerlikheid?

Aanvanklik het hulle na Hom gestroom soos na Simon, die towenaar. Die dieper insig het nog ontbreek. Later sou dit tot hulle deurdring: Hy het net gespreek en ’n wonder het geskied. ’n Goddelike magswoord uit sy mond, skeppingskragtig, gelykstaande aan die totstandkoming van die heelal.

Die afleiding was vanselfsprekend: Deur Jesus Christus het God alles geskape en word alles in stand gehou. Die genesings, die verheerliking op die berg, die opstanding, die hemelvaart en sy kommunikasie uit die hemel daarna (soos met Paulus en Johannes) het bevestig dat Hy ver bo die natuur met sy wette verhewe is, dat Hy waarlik Goddelik is. Die heerlikheid wat van Hom uitstraal, is dié van God Self, aangesien Hy en die Vader één is. God het immers met sy volle wese in Hom kom woon (Kol. 1:19).

Wonder u nog oor God? Die prentjie wat u nou van Jesus Christus het, is dié van God. Anders gestel: God het Hom nie net as Verlosser/Saligmaker voorsien/geskenk nie, maar ook om sy ewebeeld te vertoon. Op aarde is dit die volledigste insig en begrip wat ons van God kan hê. Eendag sal ons God Drie-enig in al sy glorie en majesteit sien.

*Sing: Skrifberyming 5:1, 2; of 3-2:1, 2, 5*

*Ds. AS (Fanus) Heystek (Emeritus)*